LEEUWENHOF AKADEMIE
LAERSKOOL NUUSBRIEF NR. 16 / 2017
23 MEI 2017

Geagte ouers en personeel,
Die brood wat ons tydens Nagmaal gebruik het die volgende betekenis:

- Jesus sê: “Ek is die ware liggaam”
- Dit bevestig dat ons deel van Jesus se koninkryk is.
- Sonder brood is daar geen lewe nie, met ander woorde sonder Jesus is daar geen lewe nie.

“Jesus, dankie dat U liggaam gebreek is sodat ek verlos is van my sonde.”

PERSONALIA
Elize Language gaan vir ‘n groot voetoperasie in Julie en moet vir drie maande by die huis herstel. Ons bid dat die dokter wysheid sal hê wanneer die operasie gedoen word op die 12de Julie.

AKADEMIE
LOOPBAANUITSTALLING
Leerders het op 17 Mei die geleentheid gehad om verskeie tersiêre instansies in die HS-saal te besoek.

TUKS, NWU Potchefstroom kampus asook NWU Vaalkampus, KOVSIES, UJ en Wits was van die universiteite wat die dag uitgestal het. Daar was ook verskeie privaat instansies wat fokus op ontwerp, beroepe by SAL, beroepe in die gasvryheidbedryf en IT-spesialiste.

Daar is so baie beroepe en studierigtings, en geen beter manier om blootstelling te kry as deur die instansie self nie.

Ons Hoërskool wil ook graag die graad 6 en 7 leerders wat die dag bygewoon het geluk wens met hul puik gedrag en hul gierigheid om vrae te vra.

AFRIKAANSE WEEK: GRAAD 1 TOT 7
Op Maandag, 29 Mei, skop ons Afrikaanse week af!

Dit beloof om ‘n week vol interessanthede te wees met iets spesiaals vir elke dag van ons week:

- Maandag: Hoededag- Enige interessante hoed met ‘n spreekwoord/ idioom daarop en die betekenis.
- Dinsdag: Trek aan soos jou gunsteling storieboekkarakter

- Woensdag: Maak ‘n plakkaat met ‘n interessante woord en sy sinoniem / antoniem (Plakkaat word om die nek gedra: woord voor en sinoniem / antoniem agter)
- Donderdag: Almal in die skool lees. Elke onderwyser sal self op die leesstof besluit m.b.t die vak
- Vrydag: Grappies: Vertel / bring ‘n oulike grappie/ spotprent skool toe.

Kom ons geniet en waardeer ons Afrikaanse taal in alles wat ons doen, soos die ATKV dit duidelik stel: “My taal is my reg!”

SPORT
RUGBYLIGA

SPAN	LEEUWENHOF	GENERAAL ALBERTS
0/9	19	17
0/10	35	0
0/11	31	17
2 des	0	43
1 stes	34	7

Geluk aan die 0/10 en 1 ste rugbyspanne wat pragtige rugby begin speel

WELPIERUGBY BY LAERSKOOL MW DE WET
Ons bywoning by Laerskool MW de Wet was baie positief. Ons spelers het weereens puik presteer met hulle wedstryde en dit is opmerkbaar hoe die seuns se vaardighede mooi ontwikkel.

Baie dankie aan ons afrigters se groot insette.

WELPIERUGBY BY LEEUWENHOF AKADEMIE
Ons wil graag elkeen van ons skool se ouers uitnooi om Leeuwenhof Akademie se tuis-aanbieding van ons Welpiedag by te woon komende Saterdag, 27 Mei.

Die wedstryde begin om 8:00 en duur tot 12:35. Toegang is R5 per volwassene en kinders se toegang is gratis. Dit beloof om ‘n baie aangename dag vol goeie welpierugby en lekker kos te wees.

Ons gaan ook verskeie gelukkige trekkings aanbied van onder andere Mercedez Benz , Hyundai , Sports Science asook Refresh.

Hoop ons sien elkeen by die welpierugby.

NETBALLIGA

SPAN	LEEUWENHOF	ST. DOMINIC’S
0/10 A	25	3
0/10 B	18	0
0/11 A	7	11
0/11 B	5	11

0/12 A	20	5
0/12 B	19	4
0/13 A	17	6
0/13 B	17	11

Baie geluk aan ons netbaldogters wat pragtige netbal speel en deursettingsvermoë toon tydens wedstryde

MINI- NETBALTOERNOOI BY LEEUPARK
Die 0/9's kon uiteindelik Vrydag aan die netbaltoernooi by Leeupark deelneem, nadat die vorige week se wedstryde weens slegte weer afgestel was.

Spanne van Leeuwenhof, Sacred Heart en St Columbas het teen mekaar gespeel. Die speelsters het die wedstryde baie geniet. Alhoewel daar nie telling gehou word by die 0/9's nie, was ons beïndruk met die goeie spel wat reeds gelewer word deur ons eie 3 spanne.

Geluk aan me Laura van Niekerk en haar spanne, sterkte vir die volgende toernooi op 2 Junie.

SKAAKLIGA
SKAAKUITSLAE TEEN DIE PRESIDENT

OUDERDOM	LEEUWENHOF	WEN / VERLOOR	DIE PRESIDENT
0/9	9.5	Wen	2.5
0/11	11	Wen	1
0/11	11	Wen	1
Dogerspan	11	Wen	1

SKAAKDATUMS VIR LIGAS

DATUM	OPPONENTE	FISIESE ADRES
26 Mei (Vrydag)	Hurlyvale Primary	St. Andrewstraat, Hurlyvale
29 Mei (Maandag)	Laerskool Elsburg	Brugstraat, Elsburg
2 Junie (Vrydag)	Laerskool Oosterkruin	Batavia St. Gerdview

SNUITERSIMFONIEKONSERT
Leeuwenhof bied hul jaarlikse Snuitersimfonie aan op **11 Junie om 12:30 vir 13:00,** in die Laerskoolsaal**.** U as ouer word uitgenooi om saam met u kind die musikale-opvoedkundige geleentheid te kom deel.

Die “Jewish Quild Orchestra” o.l.v. prof Brain Buch, het spesiaal ‘n program saam gestel . Ons Junior en Senior koor gaan ook tydens die geleentheid optree. Die Marimba en Tromspan gaan voor die tyd optree.Twee leerlinge gaan ook die geleentheid kry om die orkes te dirigeer, wat gewoonlik ‘n hoogtepunt vir almal is.

Kaartjies is beskikbaar teen **R50** p.p. by Margaret (Ontvangs) leerlinge wat deelneem kom gratis.

Sien u almal daar!

HEMELVAARTDIENS
Eerskomende Donderdag is daar ‘n Hemelvaartdiens in die Amfiteater. Ouers is welkom om die diens om 08:00 by te woon

SELFONE / INTERNET
Selfone is in die moderne samelewing ‘n noodsaaklikheid. Ons kan eintlik nie meer daarsonder nie. Dit bring ons in kontak met enige persoon vanaf enige plek in die wêreld.

Selfone is belangrik sodat ons met ons kinders kan kontak maak wanneer ons so voel. Selfone met internettoegang in kinders se hande kan baie gevaarlik wees. Ouers moet ‘n vertrouensverhouding met kinders stig rondom die gebruik van selfone. Mamma of pappa moet die vrymoedigheid hê om enige tyd op hul kinders se selfone te kan gaan.

Aangeheg aan die nuusbrief is daar ‘n oulike artikel vir ons om internettoegang te kan kontroleer en beheer.

UMALUSI SE BESOEK
Dit het baie goed gegaan tydens die besoek en die besoekers was baie beïndruk met ons pragtige skool. Die komitee sal nou ‘n verslag aan ons stuur teen die einde van die jaar of vroeg volgende jaar.

AANDAG ALLE GRAAD 0 EN 7 OUERS
Ouers hoef nie weer hul kinders van vooraf in te skryf óf te registreer vir ons Laerskool en Hoërskool nie. Leerders word outomaties oorgeplaas na beide skole

HOËRSKOOL REVUE
Sien uitnodiging aangeheg aan hierdie nuusbrief.

AANBIEDING VAN AMBASSADEURSAANDE
Ontvang aangehegte inligting i.v.m.die aanbieding van ambassadeursaande in Heidelberg en Vereeniging.

BUITESKOOL PRESTASIES

GRAAD	NAAM VAN LEERDER	PRESTASIE BEHAAL
2	Nicholas Franken	**KUMON:** Most progress in **English** and Kumon advanced strudent Honour roll for **Maths**
3	Conrad Ahrens	**KUMON:** Most progress in **Maths**

BELANGRIKE DATUMS

23 Mei	Akademiese ondersteuning 07:30
	Vereeniging Ambassadeursaand
24 Mei	Rugbyliga vs Jan Celliers(Weg) – 0/9 tot 0/13
25 Mei	**HEMELVAARTDIENS om 08:00**
	Netballiga vs St. Catherines
26 Mei	**ENGELS TERMYNTOETS: GR. 4 TOT 7**
27 Mei	Welpierugby by Leeuwenhof Akademie: Laerskool se velde
29 Mei	Afrikaanse week begin
	Skaakliga vir 0/9, 0/11 en 0/13 spanne
30 Mei	Akademiese ondersteuning 07:30
31 Mei	Gewyde sang
	Rugby vs L/S Christiaan de Wet
	Heidelberg ambassadeursaand

1 Junie	Oueraand met gr. 6 ouers om 18:30: Geslagsvoorligting
	Netbal vs Sacred Heart
2 Junie	**GS TERMYNTOETS: GR. 4 TOT 7**
	Mini-netbaltoernooi by St. Martins: o/9
5 Junie	Skaak: Streeksliga
6 Junie	Akademiese ondersteuning 07:30
	Geslagsvoorligting vir gr. 6 leerders
	Rugbyliga vs Orchards: 0/9 tot 0/13
7 Junie	Gewyde sang
8 Junie	WIJ: Muntlegging
	Rugbyliga vs Albeview: 0/9 tot 0/13
	Netbal vs St. Columba
9 Junie	**SAKESTUDIES TERMYNTOETS: GR. 7**
	Mini-netbaltoernooi by Marist Brothers Linmeyer: 0/9
11 Junie	Snuitersimfoniekonsert
12 Junie	Conspirito kunswedstryd
	Wiskunde en Wetenskap in aksie
13 Junie	Akademiese ondersteuning 07:30
	Wiskunde en Wetenskap in aksie
	Rugby: Goue Leeus agste finale vir spanne wat deurdring
	Conspirito kunswedstryd

LAERSKOOLBESTUUR

Skoolhoof:	Mnr W Uys	wium@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Akademie:	Me A vanZijl	anlivz@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Organisatories:	Mnr W Jacobs	willem@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof: Kultuur:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Juniorfase:	Me H Pretorius	helenap@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Seniorfase:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Sport:	Mnr T de Villiers	thysv@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Musiek:	Mnr K Pretorius	kobie@leeuwenhof.co.za
Bemarkingsbestuurder:	Me M Wagner	marketing@leeuwenhof.co.za
Sekretaresse:	Me M Bothma	margaretb@leeuwenhof.co.za

Leeuwenhof - groete

_____

MNR. WIUM UYS
HOOF - LAERSKOOL